basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V2

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye, 'n formuleblad en 'n 12 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Debiteureversoening en Ouderdomsanalise | 30 | 25 |
| **2** | Kosterekeningkunde | 45 | 35 |
| **3** | Begrotings | 35 | 30 |
| **4** | Voorrade en Vaste Bates | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: DEBITEUREVERSOENING EN OUDERDOMSANALISE

**(30 punte; 25 minute)**

Zig Zag Handelaars verkoop damesklere op krediet. Debiteure word 'n kredietermyn van 30 dae toegelaat om hulle rekeninge te vereffen.

**GEVRA:**

1.1 Verskaf TWEE dokumente wat Zig Zag Handelaars van potensiële debiteure sal nodig hê voordat hulle toegelaat sal word om rekeninge oop te maak. (2)

1.2 **Verwys na Inligting A en B.**

Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK verskaf word om die volgende te bereken:

- Die korrekte eindsaldo van die Debiteurekontrolerekening op 30 September 2021. Dui veranderinge aan met '+' vir 'n toename, '–' vir 'n afname of '0' vir geen verandering nie. (9)

- Die korrekte bedrae verskuldig deur slegs die volgende debiteure:
  - A Barnes
  - C Davis
  - E Foley (9)

1.3 **Verwys na Inligting C.**

Verduidelik DRIE verskillende probleme wat deur die debiteure-ouderdomsanalise uitgelig word. Verskaf in ELKE geval die naam van die debiteur en/of die syfer(s). (6)

1.4 **Verwys na Inligting D.**

Verskaf TWEE punte om die interne ouditeur se kommer te ondersteun dat Susan se posbeskrywing tot moontlike bedrog kan lei. (4)

**INLIGTING:**

**A.** Saldo's op 30 September 2021 voordat foute en weglatings in Inligting B in berekening gebring word:

- Debiteurekontrolerekening: R228 000
- Uittreksel uit die debiteurelys:

| DEBITEURE | FOLIO | BEDRAG |
|---|---|---|
| A Barnes | D10 | R13 500 |
| C Davis | D23 | R25 000 |
| E Foley | D35 | R18 300 |

**B.** Die volgende foute en weglatings moet in berekening gebring word:

(i) 'n Faktuur vir R1 750 wat aan A Barnes uitgereik is, is nie in die boeke van Zig Zag Handelaars opgeteken nie.

(ii) 'n Direkte deposito van R2 500 deur E Foley is korrek in die joernaal aangeteken, maar foutiewelik in die rekening van E Foges ('n ander debiteur) in die Debiteuregrootboek opgeteken.

(iii) Die totaal van die Debiteurejoernaal, R62 500, is foutiewelik as R65 200 in die Debiteurekontrolerekening geboekstaaf.

(iv) Handelsware verkoop aan C Davis, R3 500, is as 'n terugsending van goedere hanteer, en in die Debiteure-afslagjoernaal geboekstaaf.

(v) R5 200, ontvang van D Klein, 'n debiteur wie se uitstaande saldo ses maande gelede afgeskryf is, is in die Kontantontvangste-joernaal as 'n ontvangste van 'n debiteur geboekstaaf.

(vi) Handelsware wat deur A Barnes teruggestuur is, is in die relevante joernaal as R250 in plaas van R700 geboekstaaf en dienooreenkomstig oorgeboek.

(vii) 'n EFO van R7 850, van E Foley ontvang as gedeeltelike betaling van sy rekening, is korrek in die toepaslike joernaal geboekstaaf, maar geen inskrywing is in die Debiteuregrootboek gemaak nie.

**C.** Die volgende ouderdomsanalise is op 30 September 2021 opgestel:

| DEBITEUR | KREDIET-LIMIET R | SALDO R | LOPEND R | 30 DAE R | 60 DAE R | MEER AS 90 DAE R |
|---|---|---|---|---|---|---|
| J Blom | 52 000 | 45 000 | 18 000 | 7 000 | 20 000 | |
| Z Phi | 22 000 | 29 000 | 3 000 | 26 000 | | |
| S Sah | 16 000 | 12 500 | 12 500 | | | |
| O Mach | 6 000 | 6 000 | 2 000 | | | 4 000 |
| Ander debiteure | | 146 300 | 55 244 | 48 192 | 30 148 | 12 716 |
| | | | | | | |
| **TOTALE** | | **R238 800** | **R90 744** | **R81 192** | **R50 148** | **R16 716** |
| | | **100%** | **38%** | **34%** | **21%** | **7%** |

**D.** Susan, 'n lid van die verkoopspersoneel, is ook verantwoordelik vir:

- Invordering van kontant by klante wat verkies om op dié manier te betaal
- Ontvangs van teruggestuurde goedere en die uitreik van kredietnotas aan klante wat goedere terugbring.

Die interne ouditeur is nie gelukkig met Susan se posbeskrywing nie aangesien hy voel dat dit moontlik bedrog tot gevolg kan hê, wat kan lei tot 'n verlies aan kontant en handelsvoorraad.

**30**

**VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE (45 punte; 35 minute)**

2.1 **PRUDY VERVAARDIGERS**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021. Die onderneming vervaardig 'n reissak in een styl. Die eienaar is Prudy Sithole.

**GEVRA:**

Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:

2.1.1 Produksiekostestaat (10)

2.1.2 Verkorte Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) (11)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's:**

| | 28 Februarie 2021 | 1 Maart 2020 |
|---|---|---|
| Klaarproduktevoorraad | R96 000 | R72 000 |

Daar is geen goedere-in-bewerking aan die begin of einde van die jaar nie.

**B.** Grondstof aan die fabriek vir produksie uitgereik, R1 494 000.

**C. Produksielone:**

Inligting onttrek uit die produksielone-rekords:

| NETTO LONE AAN DIE PRODUKSIEWERKERS BETAAL | TOTALE AFTREKKINGS |
|---|---|
| R647 400 | 22% van bruto lone |

**D. Die boekhouer het die volgende koste bereken vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:**

| | |
|---|---|
| Fabrieksbokoste | R520 280 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | R224 960 |
| Administrasiekoste | R187 760 |

Hulle het ontdek dat sy nie die volgende in berekening gebring het nie:

- Die telefoonrekening van R22 400 is foutiewelik na die fabrieksbokoste oorgeboek. Hierdie uitgawe het op die kantoor betrekking.
- Die volle bedrag vir huuruitgawe, R98 400, is na die fabrieksbokoste oorgeboek. Hierdie uitgawe moes in die verhouding 7 **:** 2 **:** 1 tussen die fabrieks-, verkoops- en administrasie-afdelings verdeel geword het.
- Die versekeringuitgawe van R26 400 is foutiewelik gelykop tussen die fabrieksbokoste en verkoopsafdeling verdeel. 60% van hierdie uitgawe het op die fabriek betrekking en die res is op die verkoopsafdeling van toepassing.

**E. Verkope:**

Totale verkope vir die jaar beloop R4 433 600.

Kopiereg voorbehou 

## 2.2 BEHEER VAN GRONDSTOF

Nadat die state in VRAAG 2.1 voltooi is, vermoed die interne ouditeur van Prudy Vervaardigers dat die grondstof (materiaal) nie in die stoorkamer en die fabriek goed beheer word nie.

2.2.1 Bereken:

- Die meter materiaal wat uit die stoorkamer vermis word
- Die meter materiaal wat in die fabriek vermors word

Behalwe die installering van kameras, verskaf 'n spesifieke strategie om interne beheer in die stoorkamer en fabriek te verbeter. Noem in ELKE geval 'n ander punt. (6)

2.2.2 Bereken die totale koste van materiaal wat verlore en vermors is en verduidelik hoe hierdie verlies wat in die state in VRAAG 2.1 genoem word, getoon moet word. (3)

**INLIGTING:**

**A. Grondstof (materiaal):**

Materiaal wat vir produksie gebruik word, word vanaf die stoorkamer aan die fabriek uitgereik soos benodig. Die rekord van materiaal is soos volg:

| | **METER** | **TOTALE BEDRAG** |
|---|---|---|
| Grondstof aan fabriek uitgereik | 12 450 | R1 494 000 |
| Saldo op 1 Maart 2020 | 2 700 | 324 000 |
| Aankope van materiaal gedurende die jaar | 10 800 | 1 296 000 |
| Saldo op 28 Februarie 2021 | 850 | 102 000 |

**B. Addisionele inligting:**

- Materiaal word aangekoop teen 'n vaste kosprys van R120 per meter.
- Dit neem 1,5 meter materiaal om een reissak te maak.
- 7 800 sakke is gedurende die finansiële jaar vervaardig.

## 2.3 ROSEMARY SE SPEELGOEDFABRIEK

Hierdie fabriek vervaardig speelgoedteddiebere. Daar is geen goedere-in-bewerking-voorraad aan die begin of einde van elke jaar nie. Die finansiële jaar eindig op 31 Desember.

Rosemary het besluit om die probleem van lae winste wat in 2020 behaal is, op te los deur 'n paar veranderinge aan te bring om verkope en produksie te verbeter.

**GEVRA:**

2.3.1 Verskaf 'n berekening om te bevestig dat die gelykbreekpunt vir die 2021 finansiële jaar korrek is. (3)

2.3.2 Verduidelik waarom Rosemary met die produksievlakke, verkope en gelykbreekpunt tevrede is. Haal syfers aan. (4)

2.3.3 Verduidelik aan Rosemary waarom die vaste koste per eenheid van R56,00 tot R45,71 verminder het. (2)

2.3.4 Rosemary het doelbewuste besluite geneem rakende die veranderlike koste om die onderneming te verbeter.

Verduidelik die besluite wat sy oor hierdie koste kon geneem het en hoe dit 'n positiewe uitwerking op die onderneming kon gehad het. Haal syfers aan. (6)

**INLIGTING:**

| | **31 DESEMBER 2021** | | **31 DESEMBER 2020** | |
|---|---|---|---|---|
| | **BEDRAG R** | **EENHEIDS-KOSTE R** | **BEDRAG R** | **EENHEIDS-KOSTE R** |
| Direkte materiaalkoste | 490 000 | 100,00 | 320 000 | 80,00 |
| Direkte arbeidskoste | 274 400 | 56,00 | 288 000 | 72,00 |
| Verkoop- en verspreidings-koste | 176 400 | 36,00 | 96 000 | 24,00 |
| **VERANDERLIKE KOSTE** | **940 800** | **192,00** | **704 000** | **176,00** |
| Fabrieksbokoste | 160 000 | 32,65 | 160 000 | 40,00 |
| Administrasiekoste | 64 000 | 13,06 | 64 000 | 16,00 |
| **VASTE KOSTE** | **224 000** | **45,71** | **224 000** | **56,00** |
| | | | | |
| Verkoopsprys per eenheid | R255 | | R240 | |
| | | | | |
| Eenhede geproduseer en verkoop | 4 900 eenhede | | 4 000 eenhede | |
| Gelykbreekpunt | 3 556 eenhede | | 3 500 eenhede | |

**45**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 3: BEGROTINGS** **(35 punte; 30 minute)**

Shepstone Handelaars verkoop huishoudelike toebehore vir kontant en op krediet. Hulle vra ook 'n bedrag om toebehore te herstel, maar slegs vir kontant. Brian Johns is die eienaar van die onderneming. Die inligting het betrekking op die begrotingstydperk November 2021 tot Januarie 2022.

**GEVRA:**

3.1 Bereken die bedrae aangedui deur **(a)**–**(c)** op die Debiteure-invorderingskedule wat in die ANTWOORDEBOEK verskaf is. (6)

3.2 Bereken die bedrae aangedui deur **(a)**–**(c)** op die Kontantbegroting wat in Inligting F verskaf is. (9)

3.3 **Werkslading van werknemers: Verwys na Inligting G.**

Brian is bekommerd oor die werkslading van sy personeel. Hy beplan om die verkoopspersoneel met een persoon te verminder. Die ander verkoopspersoneellede is nie met hierdie plan gelukkig nie.

- Verskaf TWEE punte wat Brian aan sy verkoopspersoneel kan verduidelik om sy plan te regverdig. Haal syfers aan. (4)
- Verduidelik waarom die herstelpersoneellede nie met hulle werklas tevrede is nie. Haal syfers aan. (3)
- Watter voorstelle kan jy aanbied om die probleem van die werklas van personeel op te los? Verskaf TWEE punte. (4)

3.4 **Verkoopsneigings: Verwys na Inligting G.**

Lewer kommentaar op die kontant- en kredietverkoopsyfers vir November 2021. Verduidelik waarom Brian bekommerd is. Haal syfers aan. (3)

3.5 **Afwykings:** Die begrote en werklike syfers vir November 2021 word verskaf.

Lewer kommentaar op die beheer van brandstof vir die afleweringsvoertuig en die verbruiksgoedere wat vir herstelwerk gebruik is. Haal syfers aan.

| | BEGROOT R | WERKLIK R | AFWYKING |
|---|---|---|---|
| Verkope | 798 000 | 707 000 | – 91 000 |
| Fooi-inkomste | 32 000 | 66 000 | + 34 000 |
| Brandstof vir afleweringsvoertuig in bruikhuur | 20 800 | 19 900 | – 900 |
| Verbruiksgoedere vir herstelwerk | 8 000 | 12 100 | + 4 100 |

(6)

**INLIGTING:**

**A. Verkope en koste van verkope:**

| | September 2021 | Oktober 2021 | November 2021 | Desember 2021 | Januarie 2022 |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale verkope | R735 000 | R770 000 | R798 000 | R910 000 | R882 000 |
| Koste van verkope | R420 000 | R440 000 | R456 000 | R520 000 | R504 000 |

**B. Kredietverkope:** 40% van totale verkope is op krediet.

**C. Debiteure betaal volgens die volgende neiging:**

- 30% betaal in die maand van verkope en ontvang 'n 5%-korting.
- 45% betaal in die maand wat volg op die maand van verkope.
- 22% betaal in die tweede maand wat volg op die maand van verkope.

Oninbare skulde word in die derde maand in berekening gebring.

**D. Aankope en betaling aan krediteure:**

- 80% van die voorraad word op krediet aangekoop.
- Voorraad wat verkoop is, word in die maand van verkope vervang.
- Krediteure word twee maande na die aankoopmaand betaal.

**E. Inligting oor spesifieke items uit die Kontantbegroting:**

- Huurinkomste sal met ingang van 1 Januarie 2022 met 9% p.j. verhoog word.
- Shepstone Handelaars onderneem gedurende Desember elke jaar spesiale en uitgebreide skoonmaak en reiniging. Die uitwerking hiervan is 'n toename in die skoonmaakdienstebegroting met 65%, slegs in Desember. Die normale maandelikse fooi sal na verwagting van 1 Januarie 2022 met 5% p.j. verhoog.

**F. Uittreksel uit die Kontantbegroting:**

| **ONTVANGSTE** | **Des. 2021** | **Jan. 2022** |
|---|---|---|
| Kontantverkope | R546 000 | R529 200 |
| Fooi-inkomste (herstelwerk) | 38 400 | 52 200 |
| Huurinkomste | **(a)** | 20 056 |
| **BETALINGS** | | |
| Kontantaankope | 104 000 | 100 800 |
| Betalings aan krediteure | 352 000 | **(b)** |
| Verbruiksgoedere (herstelwerk) | 9 600 | 13 050 |
| Brandstof | 21 840 | 23 930 |
| Skoonmaakdienste | 15 510 | **(c)** |
| Salarisse aan verkoopspersoneel | 82 000 | 87 330 |
| Lone aan herstelwerkpersoneel | 11 000 | 11 715 |
| Advertensies | 36 400 | 35 280 |

**G. Inligting vir November 2021:**

| | | |
|---|---|---|
| Getal verkoopspersoneel, die drywer ingesluit | 5 | |
| Getal herstelwerkpersoneellede | 2 | |
| | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| Getal klante: Verkope | 230 | 175 |
| Getal klante: Herstelwerk | 70 | 136 |
| Totale verkope | R798 000 | R707 000 |
| Kontantverkope | 478 800 | 142 000 |
| Kredietverkope | 319 200 | 565 000 |
| Bruto wins | 342 000 | 303 000 |
| Fooi-inkomste (slegs kontant) | 32 000 | 66 000 |
| Salarisse: Verkoopspersoneel | 82 000 | 82 000 |
| Lone: Herstelwerkpersoneel | 11 000 | 11 000 |

**35**

**VRAAG 4: VOORRADE EN VASTE BATES (40 punte; 30 minute)**

4.1 **VOORRADE**

Justime Footwear (Edms.) Bpk. verkoop een soort hardloopskoene. Die onderneming gebruik die geweegdegemiddelde-metode om hierdie skoene te waardeer. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

**GEVRA:**

Bereken die volgende op 28 Februarie 2021, die finansiële jaareinde:

4.1.1 Waarde van die eindvoorraad (7)

4.1.2 Voorraadomsetsnelheid (4)

**INLIGTING:**

Die volgende inligting het op die hardloopskoene betrekking.

**A. Saldo's:**

| DATUM | HOEVEELHEID (PARE) | TOTALE WAARDE (VRAGGELD INGESLUIT) |
|---|---|---|
| 1 Maart 2020 | 206 | R101 090 |
| 28 Februarie 2021 | 420 | **?** |

**B. Aankope gedurende die jaar:**

| | GETAL ITEMS | KOSPRYS PER ITEM | TOTALE BEDRAG |
|---|---|---|---|
| **Aankope** | **2 490** | | **R2 236 700** |
| 15 April 2020 | 560 | R820 | R459 200 |
| 20 September 2020 | 1 120 | R900 | R1 008 000 |
| 5 Januarie 2021 | 810 | R950 | R769 500 |

**C. Vraggeld op aankope:**

'n Vaste koste van R25 per eenheid word vir elke paar hardloopskoene wat by die winkel afgelewer word, betaal. Hierdie tarief was gedurende die finansiële jaar onveranderd. Dit word nie hierbo ingesluit nie.

**D. Terugsendings:**

60 paar hardloopskoene uit die aankope vir September 2020 is teruggestuur. 'n Terugbetaling van die kosprys is van die verskaffer ontvang. Die vraggeld op aankope is nie terugbetaal nie.

**E. Verkope:**

2 216 eenhede is teen R1 400 elk verkoop, R3 102 400.

**LET WEL:** Daar was geen gesteelde items nie.

4.1.3 Justime (Edms.) Bpk. dryf handel in drie soorte skoene. Die tabel hieronder dui die algehele prestasie vir die jaar aan.

Die direkteure is tevrede met die bestuur van die hardloopskoene, maar nie met die stewels en sandale nie:

- Die stewels word ingevoer en Justime (Edms.) Bpk. is die enigste onderneming in die dorp wat hierdie stewels verkoop.
- Die sandale word plaaslik gemaak en alle mededingers verkoop hulle teen R480 elk.

Lewer kommentaar op die voorraadomsetsnelhede vir stewels en sandale en identifiseer die groot probleem met betrekking tot ELKE produk. Haal syfers aan.

| | **HARDLOOP-SKOENE** | **STEWELS** | **SANDALE** |
|---|---|---|---|
| Winsopslag-% | 57,3% | 80% | $33^1/_3$% |
| Verkoopprys | R1 400 | R2 900 | R480 |
| Gemiddelde kosprys | R890 | R1 610 | R360 |
| Bruto wins per paar | R510 | R1 290 | R120 |
| Totale bruto wins | R1 130 160 | R1 122 300 | R1 368 000 |
| Bestellings van klante ontvang | 2 216 paar | 870 paar | 15 000 paar |
| Verkope | 2 216 paar | 870 paar | 11 400 paar |
| Items voorhande teen jaareinde | 420 paar | 440 paar | 150 paar |
| Voorraad voorhande teen jaareinde | **?** | R708 400 | R54 000 |
| Voorraadomsetsnelheid | **?** | 2 keer | 76 keer |

(6)

## 4.2 VASTE BATES

Die volgende inligting het betrekking op die vaste/tasbare bates van Justime Footwear (Edms.) Bpk. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2021.

**GEVRA:**

4.2.1 Noem DRIE punte van goeie interne kontrole oor roerende vaste bates. (3)

4.2.2 **Verwys na Inligting A en B.**

Bereken die kosprys van grond en geboue wat op 31 Augustus 2020 gekoop is. (3)

4.2.3 **Verwys na Inligting A en C.**

Bereken waardevermindering op die voertuig vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021. (2)

4.2.4 **Verwys na Inligting A en D.**

Die onderneming verminder toerusting teen 30% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode. Hulle het op 30 November 2020 besluit om 'n fotostaatmasjien vir 'n nuwe model in te ruil.

- Bereken die verlies op die fotostaatmasjien wat op 30 November 2020 ingeruil is. (6)
- Bereken waardevermindering op die nuwe fotostaatmasjien en op die oorblywende ou toerusting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021. (7)

4.2.5 Die HUB voel dat die grond en geboue ten minste R10 000 000 werd is en wil die syfer in die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) dienooreenkomstig aanpas. Verduidelik waarom die ouditeur NIE saamstem NIE. (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Proefbalanse op 28 Februarie:**

| | 2021<br>R | 2020<br>R |
|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | | |
| Grond en geboue | 6 250 000 | 5 500 000 |
| Voertuig | 480 000 | 480 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | **?** | 450 000 |
| Toerusting | 2 190 000 | 2 100 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | **?** | 1 440 000 |

**B. Grond en geboue:**

Glamour Konstruksie het op 31 Augustus 2020, nadat die nuwe stoorfasiliteite voltooi is, 'n faktuur verskaf. Die volle faktuurbedrag is betaal en teen grond en geboue gedebiteer. Die ouditeur het egter gevind dat herstelwerk aan die ou stoorkamer, R60 000, by die faktuur ingesluit is. Dit is nie reggestel nie.

**C. Voertuie:**

Die maatskappy het slegs een voertuig. Die waardeverminderingskoers is 25% p.j. op kosprys.

**D. Toerusting:**

'n Fotostaatmasjien is op 30 November 2020 vir R88 000 vir 'n beter model ingeruil. Die kosprys van die nuwe model wat op 1 Desember 2020 afgelewer is, was R410 000. Die vastebate-register het die volgende getoon:

**Vastebate-register:**

| | | |
|---|---|---|
| **Kategorie:** | Fotostaatmasjien | |
| **Model:** | Clearfont X23 | |
| **Datum aangekoop:** | 1 Maart 2019 | |
| **Kosprys:** | R320 000 | |
| **Waardevermindering-koers:** | 30% op verminderdesaldo-metode | |
| **Datum** | **Waardevermindering** | **Drawaarde** |
| 28 Februarie 2020 | R96 000 | R224 000 |
| 30 November 2020 | **?** | **?** |

**40**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou